higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1380**(A)**(J3)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

3 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Besluit gegrond op feite wanneer voldoende inligting ingesamel is

1.1.2 Tegniek om uitset met behulp van wiskundige berekenings te bepaal

1.1.3 Administratiewe proses wat die volgende administreer: ontvange inkomste, hoe bedrae aan onderskeie departemente toegewys word en hoe toewysing beheer behoort te word

1.1.4 Stelsel waarvolgens werkmetodes beoordeel word om maksimum uitset en doeltreffendheid te bereik

1.1.5 Hoogste gesag in 'n munisipaliteit wat teenoor die provinsie aanspreeklik is

1.1.6 Tegnieke wat werklike werkvloei uitbeeld om leemtes en tekortkominge te ontdek sodat dit bestudeer kan word

1.1.7 Een van die ses basiese intellektuele funksies wat bestuur moet uitvoer wanneer die regte mense in die regte poste aangestel word om die doelwitte van die organisasie te bereik

1.1.8 Bestuurders word verantwoordelik gehou vir die uitvoer van 'n afgebakende stel pligte of take en vir nakoming van reëls en standaarde wat op hul poste betrekking het

1.1.9 Proses waarvolgens doelwitte gestel, strategieë ontwikkel en take en roosters uiteengesit word om doelwitte te bereik

1.1.10 Proses waarvolgens gekontroleer word of handelinge uitgevoer is soos beplan en of korrektiewe stappe gedoen is ooreenkomstig besluite wat geneem is

(10 × 2) (20)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer. ✍

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Moedig personeel aan om goedkoop en vinnige prosedures na te volg	A	eksakte tegnieke
1.2.2	Vaardig regulasies uit	B	Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad
1.2.3	Formele beheermaatreël	C	vloeidiagram
1.2.4	Meet werk en die duur daarvan akkuraat	D	munisipale raad
1.2.5	Parastatale navorsingsinstelling	E	statistiese opgawes
		F	Anglo American Korporasie van Suid-Afrika
		G	uitvoerende direkteur

(5 × 2) (10)

1.3 Verduidelik VYF instrumente wat produktiwiteit meet. ✍ (5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1



[Bron: *www.gpw.gov.za*]

2.1.1 Omskryf die term *Staatskoerant.* (2)

2.1.2 Noem die instelling wat vir die drukwerk van die Staatskoerant verantwoordelik is. (2)

2.1.3 Waar is hierdie instelling geleë? (2)

2.1.4 Die koerant kan op die nasionale en provinsiale regeringsvlak gepubliseer word.

Bespreek puntsgewys die verhouding tussen die *nasionale* en *provinsiale* regeringsvlak. (5 × 2) (10)

2.2 Die Staatskoerant reik kennisgewings uit om tenders uit te nooi vir die verkryging van materiale en toerusting vir openbare instellings asook kennisgewings oor die verkoop van openbare eiendom.

Bespreek meublement en toerusting as 'n instrumentele funksie. (5 × 2) (10)

2.3 Munisipale regulasies word in toepaslike provinsies in die Provinsiale Koerant gepubliseer.

Noem VYF maniere waarop provinsies munisipale vermoë kan uitbou. (5 × 2) (10)

2.4 Wanneer materiale vir openbare instellings aangekoop word, moet die staat toesien dat tersaaklike materiale voorsien word deur beheer uit te oefen.

Sit die stappe in die beheerproses uiteen. (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Behalwe nasionale, provinsiale en munisipale staatsdepartemente wat tenders uitreik, reik semistaatsinstellings soos Eskom, Spoornet en die SABC ook tenders uit. Belangrike nasionale en provinsiale tenders word op die Staatstenderbulletin, wat aan die openbare sektor behoort, geadverteer. Daar is ook privatesektor-databasisse soos Tenderscan, Tradeworld of Sabinet wat tenders hanteer. Groot koerante publiseer ook versoeke om tenders.

3.1.1 Wat is 'n *tender*? (2)

3.1.2 Tenders word deur nasionale en provinsiale staatsdepartemente en munisipaliteite uitgereik.

Bespreek die verhouding tussen 'n provinsiale regering en 'n munisipaliteit. (8 × 2) (16)

3.2 Wanneer tenders aangebied word, moet albei regeringsvlakke die nodige prosedures en metodes volg.

Adviseer die staat oor die belangrikheid daarvan om skriftelike prosedures en metodes te hê. (7 × 2) (14)

3.3 Ouditering deur die ouditeur-generaal is noodsaaklik om beheer oor uitgawes in die tenderproses uit te oefen.

Verduidelik VIER aspekte wat die ouditeur-generaal kontroleer wanneer openbare instellings geoudit word. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Staatstenders word op die Staatstenderbulletin geadverteer, wat 'n openbaresektor-databasis is. Daar is ook privatesektor-databasisse soos Tenderscan, Tradeworld of Sabinet wat tenders adverteer.

Tabelleer die verskille tussen die *private sektor en die openbare sektor.* (5 + 5) (10)

4.2 Staatstenders word ook in koerante geadverteer, soos versoek, om rekenpligtigheid te verseker.

Bespreek rekenpligtigheid met betrekking tot nuusmedia. (3 × 2) (6)

4.3 Beamptes wat met tenders werk, moet vaardighede en vermoëns hê om met burgers te werk.

Noem VYF eienskappe van 'n goeie bestuurder. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Verduidelik DRIE bestuurstyle wat 'n bestuurder in 'n instelling kan volg. (14)
§ **[40]**

VRAAG 5

5.1 Nie alle burgers sal tevrede wees wanneer tenders aan toepaslike mense gegee word nie. Ontevrede burgers kan 'n openbare instelling voor die hof bring indien hy nie aanvaarbare dienste lewer nie. Om dié rede moet staatsdepartemente en provinsiale administrasies regsverteenwoordiging besit. §

5.1.1 Noem VIER funksies van staatsregsadviseurs. (4 × 2) (8)

5.1.2 Verduidelik die rekenskappligtigheid van geregshowe. (4 × 2) (8)

5.2 Verduidelik die VYF faktore wat tot konstante verandering en uitbreiding in die aktiwiteite van openbare instellings lei. (5 × 2) (10)

5.3 Beamptes wat tenders hanteer, moes formele onderwys ontvang het en moet hulself verder deur middel van opleiding en werkervaring ontwikkel.
§
Bespreek onderwys as 'n funksionele aktiwiteit van openbare instellings.
(6 × 2) (12)

5.4 Verduidelik die term *onderhandeling* as 'n institusionele funksie. (2)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou